

Woensdag 27 Junie

Skrifgedeelte: Nehemia 12:30-43

Fokusgedeelte: Nehemia 12:43

## God gee groot blydskap!

Uiteindelik het die groot dag aangebreek. Die herboude muur van Jerusalem word feestelik ingewy. Vir drie geslagte lank is na dié dag uitgesien. Vir baie jare het die vervalde mure en die verbrande poorte daar gelê, totdat die bouwerk onder aansporing van Nehe-mia begin het. Dit was harde werk en daar was allerhande struikelblokke.

Dit was egter nie sommer mensewerk nie. Van die oomblik af dat God dit in Nehemia se hart gegee het om die werk te doen (2:12) tot by die voltooiing en inwyding van die muur, sien ons God aan die werk. Nehemia doen biddend en in volle vertroue op God sy werk. Die volk doen in diepe afhanklikheid van God hulle werk.

Opvallend by die inwyding van die muur is dat Nehemia nie die middelpunt van die feesviering is nie. Die bouers en die vakmanne word nie uitgesonder en bedank nie. Nee, God staan sentraal. Al die optogte en die kooroptredes het net een doel: om aan God die eer te gee. Die baie offers wat gebring is, was alleen om God te loof en te dank.

Nou staan daar: "God het hulle groot blydskap gegee." Die blydskap was nie sommer oppervlakkige blydskap nie, maar blydskap wat sy oorsprong in God het. Dit is ware vreugde en blydskap in die Here. God gee aan hulle die groot blydskap omdat die mens nie die middelpunt van hulle feesviering is nie, maar God

God gee aan ons alleen groot en ware blydskap wanneer Hy die middelpunt van ons lewe en werk is. Dit is blydskap in die opgestane Here wat ons gered het (Fil. 4:4).  
*Sing: Psalm 122-1:1*

*Ds. AL (Abri) Pelsers (Bethlehem)*